



## Karasburg gee om

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Karasburg is 'n klein dorpje in die suide van Namibië, en ons wil die gemeenskappe van Ariamsvlei, Karasburg, Warmbad en Grunau bedien met OMGEE.**

Ons sê sommer: KkOgo. Die klem lê op die *ONS gee om*, want ons hartsgebed is dat die gemeenskap sal toetree as skakels van hierdie “ketting” van OMGEE, nie net in ons huidige noodsituasie met Covid-infeksies nie. Ons wil mekaar ook op geestelike vlak versterk en liefhê soos Christus ons liefhet, want ons amp as gelowiges dring ons om dienaars van Christus te wees. In alles is ons medewerkers van die Heilige Gees.

Op Sondag 27 Junie 2021 lees ek van die Okahandja-gemeenskap wat onder leiding van die Boereverenigings toetree tot die pandemie se derde vlaag wat chaos saai, veral in die noorde, in Windhoek en Rehoboth. Privaat- en staatshospitale is oorvol, staatshospitale is nie paraat nie, en so takel die gemeenskap die reusebehoefte aan suurstof, die oprigting van onderdakstrukture om pasiënte te huisves, ensovoorts.

Net daarna lees ek in Filippense 2: 1-4 oor ontferming, God wat Liefde is en deur die Gees van ons wederliefde vra. Ek kontak twee vriendinne – hoekom hierdie twee? Die Gees se werk laat my stom. Azell Oberholster se man is baie siek met Covid en word in die staatshospitaal opgeneem, met suurstof wat sy pa uit Upington vir hom stuur. Hy deel die silinder met ander omdat die hospitaal nie suurstof het nie. Andre oorleef, twee van ons vriende sterf. Willa Smith is voorsitter van gemeenteadministrasie van die NG gemeente op Karasburg.

Azell én Willa antwoord my WhatsApp-boodskap onmiddellik en noem dat hul gedagtes ook vol is van KOM ONS DOEN IETS. Op Maandag 28 Junie samel ons N\$87 000 in, net by die Boereverenigings, die NG Gemeente Karasburg en enkele anonieme donateurs. Ons bestel suurstofkonsentrators en koop nebuliseerders, maskers en oksimeters wat ons by die dokters op Karasburg en Grunau en by die staatshospitaal in Karasburg afgee vir GRATIS gebruik deur almal. Ons ontvang ook drie suurstofkonsentrators as donasies.

Die volgende stap is om die kragtoevoer na die hospitaal te herstel. 'n Jong elektrisiën skryf sy rekening aan KkOgo vir herstelwerk met 'n omgeehart. Intussen kry die hospitaal se administrateur, Chris Kotzee, borge om die lykshuis wat oorvol is, te herstel. Dis 'n ketting van inspirasie en daede wat oorloop vanaf die Gees na mense in die wyer Karasburg-omgewing.

Op 3 Julie kry KkOgo twee kosbare skakels by: Thomas en Lunette van Zyl van ons Warmbad-omgewing. Hierdie twee jongmense stel KkOgo per WhatsApp-groep bekend aan die gemeenskap. Hier kan almal inligting kry oor Covid-simptome, die inentingsveldtog by die staatshospitaal in Karasburg, die twee tipes entstof wat beskikbaar is, telefoonnommers van die dokters, hospitaal, susters en KkOgo-bestuurslede, en met die opsie om bekend te maak dat jy positief toets en hulp nodig het.

Aan Patmos, die dagklinik op Keetmanshoop wat op kritieke tye mense opneem, maak ons 'n donasie. Die susters wat by die hospitaal onder die ambulansafdakke in bittere koue inentings doen, kon ons soms troos met 'n beker warm sop via Azell. Deur 'n eenvoudige gebed op WhatsApp kan ons die pasiënte en veral die familie bemoedig. Die Heer gebruik ook klein daede van gewone mense om hoop te bring in donker tye. En Hy moedig 'n mens aan om 'n verskil te maak daar waar Hy jou geplaas het.

Ons trane van die afgelope maand vertel van groot hartseer en verlies, maar ons huil ook omdat die Heer agt jaar se droogte gebreek het. Sy genade is oneindig groot.

Mag ons in die Liefde gegrondves bly, en mag ons werklik as gemeenskap mekaar dien.

## Lief en leed

- Ds JJC (Johan) Koekemoer van Marble Hall se vader, **mnr Hans Koekemoer (92)**, is Sondag 1 Augustus in 'n hospitaal in Klerksdorp oorlede. Hy het vroeër Covid-19 opgedoen en het longprobleme ondervind, en was in die hospitaal vir 'n heupvervanging nadat hy geval het. Die roudiens vind Sondag 8 Augustus plaas. Ons innige simpatie gaan aan ds Johan en hul familie.
- **Mev JS (Susan) de Lange (91)**, weduwee van ds JC (Coen) de Lange wat in Desember 2013 oorlede is, is Saterdag 31 Julie oorlede na 'n beroerte. Sy het die afgelope twee jaar by haar kinders in Richardsbaai gewoon. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestandes.
- **Mnr Cas Prinsloo (71)**, vorige rektor van Majuba FET College in KwaZulu-Natal, is Woensdag 21 Julie in die hospitaal oorlede weens Covid-19. Hy was vroeër voorsitter van die ouderlingevergadering van Gemeente Newcastle en het ook as ouderling gedien in die Ringskommissie van Noordelike Natal. 'n Vertrouingsdiens is 26 Julie by Lentevleiplaas vir familie en vriende gelei deur ds Hennie Louw. Ons bid om verdere vertroosting vir sy vrou, Es Prinsloo, hul kinders en kleinkinders.
- **Mev Gianni Joubert** van die Sinodale Dienssentrum **se moeder** is tans ernstig siek in die Pretoriase Harthospitaal met hart- en nierversaking. Ons bid haar spoedige beterskap toe, en baie sterkte vir Gianni en haar gesin.
- Intussen ontvang ons steeds berigte oor **lidmate** wat met **Covid-19** gediagnoseer is, en gemeentes waar lidmate oorlede is weens die virus. Gemeentes **Marble Hall** en **Van der Hoff** (in Groblersdal) het verskeie lidmate aan die dood afgestaan. 'n Vorige orrelis van Van der Hoff, **mev Lorien Terblanche**, is ook oorlede weens Covid-19. **Ds Jan en Tokkie Claassen** van Naboomspruit het ook die siekte opgedoen. Ons bid lidmate en gemeentes die bystand van ons Heer toe te midde van die lyding en verlies.
- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Augustus 2021, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (61) (Barberton)
  - Vrydag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (71) (emeritus)
  - Saterdag 7 Augustus: Prof LJS (Lourens) Steenkamp (75) (emeritus/Makarios), di EJ (Rassie) Smit (73) (emeritus), JAP (Johans) van Tonder (59) (siekte-emeritaat) en HJ (Kobus) Celliers (55) (Brits)
  - Sondag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (70) (emeritus)
  - Dinsdag 10 Augustus: Di J (Johan) Ayres (62) (Germiston) en D (Denise) Schmidt (49)(Jeffreysbaai/Port Elizabeth)
  - Vrydag 13 Augustus: Ds JMJ (Jan) de Wet (75) (emeritus)



Mnr Cas Prinsloo

## Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum is steeds gesluit. Alle personelede werk van die huis af en kan op hul selfone of via 012 322 8885 bereik word.**
- 'n Blou **erfenisplaatjie, nommer 12**, is op 23 Julie vanjaar toegeken aan **Gemeente Heidelberg se kerkgebou**. Die gemeente is gestig op 27 Junie 1865. Sedert 1889 het die gemeente in die (huidige) kerksaal eredienste gehou. In 1932 was daar 865 lidmate en 'n kerkraad van 35 lede. Die destydse predikant, ds AJG Oosthuizen, het voorgestel dat 'n nuwe kerk gebou moet word wat 600 mense kan akkommodeer. Hierdie sierlike Gerard Moerdyk-gebou is in 1933 ingewy – vanjaar 88 jaar gelede. Die erfenisplaatjie is geborg deur Arrie en Rita Vorster wat jarelange lidmate is. Ander gemeentes met kerkgeboue (sale, pastorieë) wat ook oor erfenisstatus beskik, kan gerus in verbinding tree met ds C Johann de Bruin, kurator van die SP Engelbrecht-museum, by [cjdb@boomaap.co.za](mailto:cjdb@boomaap.co.za).
- Die landlynommer van **Gemeente Sasolburg-Suid** is nie meer in gebruik nie. Die **nuwe kontaknommer** vir die gemeente is 063 201 1536.



- **Spesiale deurkollekte vir die BSA.** Soos aanbeveel deur die Kommissie van die AKV, vind die jaarlikse deurkollekte vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vanjaar plaas op **Sondag 22 Augustus**. Dit staan bekend as **Bybelsondag**. Die rede waarom dit vervroeg is, is omdat Hervormingsondag (31 Oktober) te naby aan die einde van die BSA se finansiële jaar is en die bydraes dan nie betyds inbetaal kan word nie. Gemeentes word dus versoek om die deurkollekte van Sondag 22 Augustus so gou moontlik daarna aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

- **Bybelgenootskap: Hoop in beweging. Uitdaging: 21/22 Augustus 2021.** Ds Pierre Jacobs van Gemeente Outeniqua daag al die gemeentes van die Kerk uit om soos hulle aan die virtuele Stap/Draf/Fietsry van die BSA deel te neem en gesamentlik 'n afstand van **1 200 km** af te lê. (Kyk die video by [https://youtu.be/zeaAlJiyV\\_I](https://youtu.be/zeaAlJiyV_I)) Dit is 'n simboliese afstand vanaf die gemeente in George tot by die Bybelhuis in Kempton Park. Gemeentes kan 'n groepinskrywing van tien of meer deelnemers maak vir hierdie virtuele geleentheid. Stuur 'n e-pos na [malan@biblesociety.co.za](mailto:malan@biblesociety.co.za) vir meer inligting, of met 'n versoek vir 'n groepinskrywing met die naam van jul gemeente en die aantal deelnemers. Die BSA sal 'n betalingsversoek stuur wat die gemeente dan namens almal betaal. Die inskrywingsgeld is **R100 per persoon** en verteenwoordig die waarde van twee Bybels; dit sal gereken word as 'n bydrae van die gemeente tot die BSA se missie van 'n Bybel vir elkeen. Sodra die betaling gemaak is, word 'n kodebewys aan die gemeente gestuur, wat die deelnemers dan kan gebruik om te registreer op die platform sonder om te betaal.

- **Vakante werkruimte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

**Aansoeke** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word na [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com). Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

## Vergaderings

- Vrydag 6 Augustus: Oudit- en Risikokomitee

## Kerklike publikasies

- In die **Augustus 2021-uitgawe van Die Hervormer** skryf **prof Wim Dreyer** oor kollektiewe trauma, wat besondere eise stel aan die kerk. **Dr Johan van Staden** verduidelik waarom die NHKA beswaar aangeteken het teen die beoogde wysigings aan die Gelykheidswet, en **Lourens Pretorius**, die Kerk se inligtingbeampte, spel die implikasies van die POPI-wet vir gemeentes uit. **Dr Frikkie Labuschagne** en sy kollegas by die Sentrum vir Gemeentelike Bediening, **dr Johan Bester** en **dr Hannes Janse van Rensburg**, gee 'n oorsig van die SGB se aktiwiteite. **Ds Marius Venter** toon aan hoe foutiewe inligting, vandag bekend as fopnuus, reeds in die Bybel voorgekom het, sedert die slang se fopstorie aan Eva! Die **Augustus 2021-uitgawe van Die Hervormer** is die vierde uitgawe wat vanjaar gedruk word. Die drukwerk geskied tans *ad hoc*, afhangende van die Covid-inperkingsvlakke. Die artikels van elke uitgawe word **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.

## 'n Gedig

### Distansiëring

Skop dus nou vas. Viervoet.  
Dat die aarde sy ding doen.

Dat die wolke hulle natoog  
teen die berge vasloop.

Dat die binneste opkook  
in geisers en vulkane

(tot alles fontein word).

Dat dit bars, skuif, sweer  
uitslaan, inval, vries, skroei.

Dat jy jou draai kry, aarde.  
Dié keer wag ek. Geduldig.

**Willie Kühn**

(Uit: *In die oog van stilte*, 2005)

### Barmhartigheid

- **NHSV vrywillige uitbetalings Augustus 2021.** Die Covid-19-virus veroorsaak steeds ongeëwenaarde onsekerheid op 'n wêreldwye skaal. Alhoewel ons soms voel dat ons so 'n bietjie beter kan asemhaal en funksioneer omdat die beperkings in die algemeen minder streng is, word kerklike aktiwiteite steeds geweldig benadeel. Die domino-effek wat dit op die samelewing en sy strukture het, duur voort en die Kerk, waaronder die NHSV natuurlik ook, voel die effek deeglik. Tog is daar steeds getuienisse dat dit met talle gemeentes onder hierdie omstandighede relatief goed gaan op finansiële gebied, en daarvoor is daar oneindige dankbaarheid. Met dit alles in gedagte en met begrip vir omstandighede, wil die NHSV Hoofbestuur takke herinner aan die vrywillige uitbetalings wat gewoonlik gedurende Augustus gedoen word. Die **riglyn vir die Augustus-uitbetalings** is dat 'n tak moet probeer om 33% van haar inkomste, nadat die Mei-uitbetalings afgetrek is, aan die Hoofbestuur oor te betaal. Die ander 67% kan volgens eie diskresie aan u gemeente en gemeenskappe se barmhartigheidswerk bestee word. Onthou asseblief dat oorbetalings aan plaaslike instansies soos tehuise van bejaardes direk aan die instansies oorbetaal moet word vanuit u tak – u stuur dus 'n aparte betaling direk aan hulle. Indien u tak weens omstandighede ook nog nie Mei se betalings gedoen het nie en u in staat is om dit wel te doen, kan u dit oorweeg om dit ook nou te doen, indien moontlik. **Bankdeposito's of elektroniese oorbetalings** kan gedoen word. E-pos asseblief die betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetalings na [finansies@nhsv.org.za](mailto:finansies@nhsv.org.za).

- **Rata Maatskaplike Dienste se Drive for a Child-gholfdag** wat geskeduleer was vir 24 Augustus 2021, is weens Covid met al sy beperkinge uitgestel tot **26 Oktober 2021**. Hierdie gholfdag vind steeds by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.  
**Koste:** R4 400 (Vierbal) – gholfkarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit  
**Putjeborg:** R2 500  
**Vierbal met putjeborg ingesluit:** R5 500  
**Navrae:** Charmaine Fourie [charmaine@rata.org.za](mailto:charmaine@rata.org.za) / 071 684 7796





- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**  
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**  
 Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer  
 Verblyf met 3 etes ingesluit  
 Verblyf sonder versorging R1 700 per maand  
 24-uur-versorging onderhandelbaar  
 (maksimum R8 000 per maand deekamer)  
 Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089  
[navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za)  
[www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za)
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
 Kieserstraat 126, Rietondale  
 Een enkelwoonstel te koop teen R510 000  
 Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000  
 Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000  
 Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000  
 Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand  
 Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
 Verdien 2- tot 7%-kommissie  
 Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
 Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
 WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## 'n Gebed vir geloof te midde van die pandemie

Liefdevolle Heer:

Ons bid vir u oorfloedige liefde en deernis  
terwyl ons hierdie uitdagende seisoen betree.

Ons vra vir wysheid vir dié wat die las moet dra  
om besluite met verreikende gevolge te neem.

Ons bid vir diegene wat worstel met siekte,  
en vir almal wat hulle versorg.

Ons vra vir beskerming vir bejaardes en kwesbares  
sodat hulle nie die stryd verloor teen die risiko's van die virus nie.

Ons bid dat fopnuus bekamp sal word  
sodat vrees nie 'n houvas kry in ons harte en gemoedere nie.

Terwyl ons ons goeie verstand gebruik  
– wat U in u goedertierenheid aan ons geskenk het –  
mag ons steeds elke nuwe dag met geloof en in vrede aanpak,  
altyd met vertroue in die goedheid en genade  
wat ons van u ontvang.

**Mothers' Union, Anglican Alliance**  
(Afrikaanse weergawe: Tessa Oppermann)

<https://anglicanalliance.org/faith-in-a-time-of-covid-19-coronavirus/>